

KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Psalm 51 vers 8 en 12

Maar U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart

Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig

Kortpad Sinodale deurdankoffer: Jeugbediening Kerkbodes beskikbaar Teebeurt: Pronkertjie Sel

27 Januarie	Invul van NCLS vraelyste tydens eredienste – bring asb 'n pen of 'n donker potlood saam
27 Januarie	08h30 Eietydse diens [dr Deon Els] Kleuterkerk
27 Januarie	09h45 Kategese
27 Januarie	10h00 Klassieke diens [dr Deon Els]

[Nog belangrike datums](#)

[Kommunikamma 20 Januarie 2019](#)

[Saam op pad vir Christus](#)

Preke: Die [preke van die oggenddienste](#) word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

Baie van ons beleef vandag verontregting, diskriminasie en magsmisbruik teen ons. Hoe hanteer ons dit? Kom ons gaan kyk na 'n belangriker vraag: "Wie is ek?" Wie ek is, bepaal hoe ek optree. Ons is konings, priesters en profete maar ook vreemdelinge en bywoners op hierdie aarde. [Die fout op ons ID's](#) is dat ons nie in die eerste plek RSA burgers is nie. Ons burgerskap is in die hemel.

Jeugbediening op die webwerf

Wie is ons? Wat doen ons? Hoe kan jy by ons inskakel? Al hierdie inligting plus die jaarprogram, inligting oor die kategete en veel meer is nou beskikbaar op ons webwerf.

[KammaKidz en Graad 1 - 6](#) Lees hier ook [Dagstukkies](#) met 'n tema vir elke maand, hoe om die Spel van die Lewe te speel soos God se kind en hoe om elke dag [stiltetyd](#) te hou. Lees die stories van die [Poppekas vertonings](#) en laai gerus die handpop- en inkleurprente af.

[Graad 7 - 11 en werkende of studerende jongmense](#) Leef@Kerk is 'n selgroep vir laasgenoemde jongmense.

Leef@Kerk C-Kamp 18 – 20 Januarie 2019

Gedurende die naweek is daar geswem, gespeel, gesing, geëet, gehuil en vir seker ook geleer. Die leiers het by die tieners geleer van emosies-wys en opreg-wees en die tieners het geluister na dit wat die Here deur die leiers en Deon vir hulle wou sê. Die [foto's](#) bevestig dat die naweek 'n hoogtepunt was vir almal.

Sake vir gebed

Ons prys die Here vir toegewyde polisiemanne en -vroue wat in die bendetgeteisterde Noordelike Gebiede werk. Ons bid vir PE-Noord se beroepingsproses en dra die mense van Zimbabwe aan die Here op. [Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

There4-Bedieninge: Uitnodiging en gebedsversoeke

Uitnodiging: Individue en Bybelstudie- en selgroepe word uitgenooi [om 'n mensegroep aan te neem](#) en te bid dat hulle die geleentheid sal kry om die Evangelie te hoor. Byvoorbeeld: bid vir die Druze in Sirië dat hulle sal beseft dat Jesus, die ware Seun van God, Sy werk volbring het by die Kruis.

support@there4ministries.org

Gebedsversoeke: Bid vir krag en moed vir [Christene in Noord-Korea](#) wat in tronke, arbeidskampe en afgeleë gebiede ly. **Foto**

Mighty Men 8 – 10 Maart 2019

Kry al die inligting oor Mighty Men Oos-Kaap se gebeure by www.mightymenesterncape.co.za

Padlans Boer met wysheid

Blykbaar was die Middeleeuse Thomas Aquinas die laaste geleerde mens wat al die kennis wat in sy tyd bestaan het, in sy gedagtes kon omvat. God het sekerlik nie net boekgeleerdheid, akademiese uitmuntendheid of intellektuele vermoëns in gedagte wanneer Hy oor kennis en wysheid praat nie. Want dan sou die meeste van ons maar bedroë daarvan af gekom het. God verwys na 'n geestelike intelligensie wat nie 'n universiteitsgraad vereis nie, omdat dit beskikbaar is aan die eenvoudigste onder die eenvoudigstes en die slimste onder die slimstes. **Here, rus my toe met 'n geestelike wysheid wat my in staat sal stel om nie deur die kennis van hierdie wêreld oorweldig of verwar te word nie.** [Boer met wysheid](#)

Padkos Ligloop vir noodgebede

Nood leer bid. Dit is 'n bekende spreekwoord. Is dit waar? Ja! Die meeste mense bid in tye van nood. Is noodgebede goed? Ja, solank as wat jy in die nood is. Die probleem is egter dat noodgebede soos 'n noodwiel werk. Terwyl jy in die nood is word dit gebruik. Daarna moet jy die noodwiel afhaal en weer regte wiele aansit aan jou motor. As noodgebede jou dus leer bid, gaan jy altyd presies net so bid. Dan gaan jou eie omstandighede en behoeftes die hoofpunt op elke gebeds-agenda wees. Verskuilde opdragte aan God en eindelose versoeke om al jou krisisse uit te sorteer gaan dan elke gebed oorheers. Noodgebede is bedoel vir krisistye, nie vir alledaagse gebruik nie. Om altyd te bid soos wat jy in nood bid, gaan jou beroof van 'n vervullende gebedslewe in God se teenwoordigheid. Gebed is juis om tot rus te kom aan die Here se voete. Dis om stil te wees en te wag op Hom. Dit verskuif jou aandag na God toe. Gebed is om Hom te verheerlik en om ander se nood na Hom toe te bring. Egte gebed bevry jou van jouself en van al jou behoeftes.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert www.ekerk.org]

Kuërgroete tot volgende keer

[2019-01-27]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.
www.getsnapscan.com